Ps 2: 6
Ges 11: 1,5
Ges. 126: 1

# Geestelike Gemeente – v God.

Potch 8 Junie '58
Ark. 28 Mei 1961

Hand. 4: 32 – 5: 16

Hand. 5: 4 – Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.

Elke keer dat 'n gelowige die gesk. v.d. eerste Xt. Kerk lees, staan jy verbaas & beskaam oor wat daar gebeur het – verbaas oor wat Gods Gees deur hulle kon bereik en beskaam oor wat Gods Gees deur ons as Kerk nie kan bereik! Veral val dit ons op dat dit 'n kragdadige ~~...~~ innerwerking van Gods Gees was wat ook deurgewerk het na ~~hulle~~ die tydelike dinge: na geld & goed & grond!

Een v.d. treffendste kenmerke hiervan is die gesk. van Ananias & Saffira. En i.v.m. hd. gesk. let ons nou op:

I Die Hoogst. Geest. Lewe: Reeds in Hand. 2: 41-47 is 'n noukeurige beskrywing gegee van die uitwerking v.d. uitstorting v.d. Heilige Gees in die lewe v.d. gemeente – dat 'n gemeenskap ontstaan het wat in veral 4 kenmerke van hd. nuwe lewe uitgeblink het: Lering („En hulle het volhard in d. leer v.d. apostels"); Gemeenskap („En almal wat gelowig geword het, was bymekaar & het alles gemeenskaplik besit"); Breking van Brood („En dag na dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet"); Gebede („Terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk")

Hier in Hand. 4: 32-37 word verder veral een aspek van d.d. nuwe lewe verder teëgelig: die vrywillige gemeenskap van goedere en die vrywillige bring van hulle offers na die samekoms v.d. gelowiges. / Nêrens vind ons enige voorskrif in dié verband gegee nie: dis die spontane vrug van 'n nuwe liefde, 'n nuwe toewyding, 'n nuwe lewensroeping wat hulle gesien het as iets ewigs, iets groots — iets waarvoor dit d. moeite werd was om alles te offer!

Vind sy uiting in optrede van o.a. Barnabas & word uithaal om Barnabas a.d. Kerk voor te stel.

→ Uitmunting hiervan:

II. Die Ernstige Verbreking:

Die groot offerdaad van Barnabas was blykbaar 'n geweldige uitwerking op d. gemeente gehad het om ander aan te spoor om dies. te doen. Ook Ananias & Saffira volg dd. voorbeeld - mr. met een voorbehoud: || dat hulle 'n deel kan gee asof dit alles was. Laat ons ook. dit baie goed verstaan: Ananias & Saffira se sonde het nie daarin bestaan dat hulle net 'n deel v.d. verkoopprys v.d. grond gebring het nie, (geen verpligting om alles te bring) maar dat hulle gehuigel het dat dit alles was, dat hulle ander valse voorwendsels gegee het. En 'n mens sien dat as daar een ding was wat Jesus in die felste woorde veroordeel het dan was dit huigelary — onwaaragtigheid in ons lewe, optrede, godsdiens: ook in ons gawes.

En juis hierin het A & S. gefaal omdat hulle die gee van hulle gawes gesien het



as 'n saak tussen hulle & die apostels, hulle en die gemeente, i.p.v. tussen hulle en hulle God! „Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God!"

Is dit nie juis hier waarin so baie van ons skuldig staan voor God nie? Ons gawes — is hulle nie baiekeer ook 'n:

a) Gewoontelikheidsgawe: wat ons enige tyd kan mis
b) Gedwonge gawe: v. diaken ontvolg teraak — v. gemeente los te kom.
c) Geleentheidsgawe: ~~vir~~ vir bep. saak

i.p.v. d) 'n Offergawe aan God? Biddend beslis tussen my & God, afsy gesit vir sy werk, gegee soos Hy beveel? (Bv. praat van my „tiende" as ek geen tiende gee nie!)

III Die Ingrypende Gevolge:

① Die Oordeel van God: Die Gees van God open daar duidelik aan Petrus presies wat in A & S. se harte aangaan & omstandighede gryp Petrus in. Mr. dis nie Petrus wat d. doodsoordeel oor A & S uitspreek nie: dis God self! Voordat P. nog iets kan sê, sterf Ananias voor sy oë. Daardeur leer God aan hulle hier:

— 'n Leuen kan nie leef in d. atmosfeer v.d. H-Gees nie
— Óf Ananias óf die H. Gees moet wyk!
— Judas (soos Ananias) kan sy 30 silwerstukke gryp, mr. God laat hom nie d. genot afv tee nie! Onheilike geld

→ Ons halwe waarhede, ons huigelagtige woord & daad!

② Ontsag vir die Kerk: „En daar was niemand v.d. ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer"

– Waarom nie meer seënend vir d. Kerk & sy skok.? Omdat die Kerk in sy geledere toegelaat het die onheilige, die onreine: toelating van hidmate – toelating van praktyke & gebruike wat Gods goedkeuring wegdra nie! Die Kerk wat heilig is, is die Kerk wat sterk is!

③ Groei v.d. gemeente: „En daar is meer en meer gelowiges vir die Here bygevoeg"
Groei van Moham. in Afrika: (Beyleveldt)
1935 – 40 milj.; 1958 – 85 milj.
Groei van Xdom in selfde tyd: $\frac{2}{3}$ minder

④ Genesing v.d. kranke: „En hulle is genees"
Vr: Waarom het ons dit nie vandag soos hulle? Is dit nie omdat met ons ketters aan reinheid & heiligheid, die kerk is godd. krag verloor het wat heilig. & geestelike siekhede genees?

Die hele verhaal:

① Eers wou die H.Gees in my lewe Kom kan ek aan te offer:

② Gewigtige taak v.d. leiers v.d. gemeente
– in ontvangs van offergawe
– in sorg om d. gemeente se lewe heilig & rein te hou!

③ Groot verantwd. v.d. gelowige:
– ons gawes as bewys van ons geloof
&